

Amos

Die naam en die skrywer van die boek

Die boek dra die naam van die profeet Amos deur wie die Here tot sy volk hierdie profesieë gespreek het. Die profeet se naam beteken *lasdraer*.

Anders as by van die ander profete word Amos se vader se naam nie genoem nie. Amos distansieer homself ook van die bekende profetegroepe (7:10-17) en meld dat hy maar net 'n boer is wat deur die Here in diens geneem is om as profeet op te tree. Hy het met skape en wilde vyë geboer. Hy is afkomstig van Tekoa wat sowat sestien kilometer suid van Jerusalem in Juda geleë is.

Tyd van optrede

Amos het opgetree in die dae toe Ussia koning was in Juda (792-740 vC) en Jerobeam die seun van Joas koning was in Israel (793-753 vC). 'n Nadere aanduiding van wanneer Amos as profeet opgetree het was twee jaar voor die aardbewing. Hierdie aardbewing word bereken het iewers tussen 763 en 760 vC plaasgevind.

Amos was dus 'n tydgenoot van die profete Hosea, Jesaja, Miga en Jona wat ook almal in die agtste eeu voor Christus opgetree het.

Die agtergrond van die skrywer en die boek

Die buitelandse omstandighede was in dié tyd vir Israel baie rooskleurig. Sirië kon die die Assiriese imperialisme bedwing. Dus was die noorde vir Israel in hierdie stadium veilig.

Jerobeam en Ussia was albei bekwame en effektiewe konings. Hulle het die volk tot die hoogtes gebring wat baie naby was aan die tyd toe Salomo geregeer het. Dit is nou wat politieke stabiliteit, materiële voorspoed en veiligheid betref. Dit is veral die boonste deel van die samelewing wat uit hierdie welvaart voordeel getrek het. Hulle het oorgenoeg gehad om te eet en fees te vier. Maar sulke welvaart het ook nadele. Die inflasiespiraal het kleinboere laat sug en bedrog en korrupsie het toegeneem. Die armes is veral uitgebuit.

Ten spyte van die ooglopende onreg wat geheers het, was die volk godsdienstig baie besig. Hulle het gereeld hulle feeste gevier waar hulle offers gebring het. Die heiligdomme by Bet-el, Gilgal en Dan is druk besoek. Baie was oortuig dat die Here aan hulle kant was en valse gerustheid het by hulle posgevat. Hulle het maar net gewag dat die Here die vyande van die volk sou verdelg.

Die struktuur van die boek

Hier volg 'n struktuur van die boek:

1. Inleiding 1:1-2
2. Profesieë 1:3-6:14
 - 2.1 Profesieë teen die nasies 1:3-2:16
 - 2.1.1 Teen Aram (Damaskus) 1:3-5
 - 2.1.2 Teen Filistea 1:6-8
 - 2.1.3 Teen Tirus 1:9-10
 - 2.1.4 Teen Edom 1:11-12
 - 2.1.5 Teen Ammon 1:13-15
 - 2.1.6 Teen Moab 2:1-3
 - 2.1.7 Teen Juda 2:4-5
 - 2.1.8 Teen Israel 2:6-16
 - 2.2 Profesieë teen Israel 3:1-6:14
 - 2.2.1 Eerste strafrede oor sondes teen God en mense 3:1-15
 - 2.2.1.1 Verantwoording 3:1-8
 - 2.2.1.2 Oordeel oor Samaria 3:9-15
 - 2.2.2 Tweede strafrede oor vroue, aanbidding en eiewilligheid 4:1-13
 - 2.2.2.1 Oordeel oor die vroue 4:1-3
 - 2.2.2.2 Oordeel oor Bet-el 4:4-13
 - 2.2.3 Derde strafrede oor onreg (Oproep tot bekering by die sterfbed van die jonkvrou Israel) 5:1-17
 - 2.2.4 Vierde strafrede oor onaanvaarbare aanbidding (Klaaglied by die sterfbed) 5:18-27
 - 2.2.5 Vyfde strafrede oor trots en traak-my-nie-agtigheid (Klaaglied by die sterfbed) 6:1-14
3. Visioene 7:1-9:15
 - 3.1 Drie visioene van die komende oordeel 7:1-9

- 3.1.1 Die swerms sprinkane 7:1-3
- 3.1.2 Die verterende vuur 7:4-6
- 3.1.3 Die loodlyn 7:7-9
- 3.2 Tussen-in gebeure (’n Historiese mededeling) 7:10-17
 - 3.2.1 Die uitdaging 7:10-13
 - 3.2.2 Die reaksie 7:14-17
- 3.3 Twee verdere visioene van die komende oordeel 8:1-9:15
 - 3.3.1 Die mandjie vrugte 8:1-14
 - 3.3.1.1 Die visioen 8:1-3
 - 3.3.1.2 ’n Verklarende strafrede 8:4-14
 - 3.3.2 Die Here staan by die altaar 9:1-15
 - 3.3.2.1 Die visioen 9:1-6
 - 3.3.2.2 Slotrede 9:7-15